

**VOORBIDDING**:
**Wêreld**: Ierland, Verenigde Koninkryk: Noord-Ierland, Skotland en Wallis. Oplossing vir konflikte [Palestyne-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.
**RSA & Dorp:** Ekonomie - sakelui, arbeidsmag, werkslus, werkskepping (Stellemploy). Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geaffekteerdes. Dwelmafhanklikes en -geaffekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners ongeag taal en ras; die armes, werkloses en gemarginaliseerdes in ons samelewing.
**Gemeente & Kerk:** Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Reën wat ons so nodig het en oordeelkundige gebruik van water. Almal betrokke by kategese, tienerkerk en groepe.
**Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar:** Ina Diener (Formosa), Ertru Hattingh (Blenheim), Willie Kruger (Watergang), Bethel Müller (Buitekring), Jannie van der Merwe (Rokewood) en Catherine Visagie (Chenin Blanc).

**Musiekbedieningsgeleentheid** Vir sekerlik almal van ons is dit wonderlik om die Here te loof en prys en aanbid deur ons liedere. Daarvoor kan ons nie genoeg dankie sê aan die persone wat ons Sondag vir Sondag voorgaan nie. Ons wil graag lidmate nooi om in te skakel by ons Musiekbediening. As jy 'n instrument bespeel of mooi kan sing, nooi ons jou om in te skakel by ons gemeente se begeleidingsgroep. Hierdie is 'n wonderlike manier om deel te neem in die gemeente en jou gawes te gebruik. Ons glo dat ons saamwees hier in die erediens alle eer aan God moet bring. Ons wil ook saam as bediening besin oor die lof en aanbidding in die gemeente sodat alle mense se spiritualiteit aangespreek word. Kom help ons ook hiermee. Kontak vir Winand [082 063 1809] as jy wil deel word of gee jou besonderhede by die kerkkantoor.



**GROENgedagte #90** **World Wildlife Day** "On 20 December 2013, at its 68th session, the UN General Assembly (UNGA) proclaimed 3 March – the day of signature of the Convention on International Trade in Endangered Species of Wild Fauna and Flora (CITES) – as UN World Wildlife Day. This day was proclaimed to celebrate and raise awareness of the world's wild animals and plants. The theme for World Wildlife Day 2018 is 'Big Cats'. Using the expanded definition of big cats, the Day will raise awareness on the conservation of the lion, tiger, leopard and jaguar, as well as the cheetah, snow leopard, puma, clouded leopard and related species." In Suid-Afrika is ons intens bewus van die bedreiging van ons groot katte - hoe lekker dit is om hulle in die wildtuine te soek en dop te hou en hoe sleg dit is om te stry teen geblikte leeujag asook die onwettige doodmaak van leeus vir "muti." Ook die nuus van die vrou wat deur die leeu doodgebyt is - wilde diere wat nie meer wild is nie.
Hoe ons onsself beskerm en wilde diere se habitat verwoes en maar net die diere doodmaak as hulle 'n las word, soos weer beleef met die vergiftiging van aasvoëls en ander diere deur bestaansboere in Mosambiek. Wat staan ons te doen? Dit begin by bewus wees en dan om hier waar ons is, ons bes te doen om die aarde op te pas.

Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

## Sondag 4 Maart 2018

Vierde Lydensweek

| | |
|---|---|
| Tema | Die Bybel as bril en lamp ... wat ons help om dieper te kyk en anders te leef. |
| Teks | Filippense 1: 9-11; Psalm 119: 103-106 |
| Prediker | Robert Vosloo |
| 09:30 | Erediens |
| 09:30 | Kleuterkerk en junior kategese |
| 18:00 | Tienerbediening: *Act 5*: Hoe om die Bybel te lees en te leef - Marizanne |

Jaartema: Dissipels ontvang en soek die geskenk van gemeenskap.

**Ons eie groentetuin!** Kom kyk! Die spinasie staan mooi en daar is 'n paar groenboontjies ook! Die roket sal ook binnekort gereed wees. En dit sowaar uit ons eie gemeente-groentetuin! Vir dié wat nog nie weet waar ons groentetuin is nie, kom kyk agter die kerkgebou by die fietsbaan. Die tuin is oop vir almal om te benut - om te help werk, om te pluk en om nuwe plantjies of saadjies te plant of te skenk. Daar is ook 'n klein watertenk. Dankie aan almal wat gehelp het om ons gemeentetuin-droom 'n werklikheid te maak!



## Kategese hierdie Sondag

Die kwartaal is al weer sowaar halfpad! By die junior kategese gesels ons hierdie week oor die Heilige Gees as helper. By die Tienerbediening sit ons ons reeks oor die Bybel voort. Ons praat oor hoe ons die Bybel lees en leef op 'n verantwoordelike manier.

Junior kategese kinders (graad 1-7) kom eers erediens toe en verdaag dan na die saal en die graad 7's na hul klas.

Tienerbediening begin om 18:00 in die kerksaal met die tiener erediens waarna ons in graadgroepe verdeel. Ons is rondom 19:30 klaar.

**Is jy nuut hier by ons?**
Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet. Kom geniet ook 'n koppie tee in die vierkant en neem 'n boek uit by die biblioteek.

**PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 5/3 tot Sondag 11/3**

| | | |
|---|---|---|
| Ma 5/3 | | Laaste dag vir doopaanmelding vir April. |
| Wo 7/3 | 09:00 & 19:00<br>09:00 - 11:30<br><br>**MARKTAFEL** | **Geloofsgroei-byeenkomste** in die konsistorie. Almal welkom.<br>**Teetuin.** Kom drink of eet iets lekkers hier by ons eie restaurant. Groepbesprekings ook welkom sowel as wegneemetebestellings. Kontakpersone: Jeanetta Strydom by 021 887 1954 / 082 416 2792 of Bettie du Plessis by 079 109 1665 / 021 888 9269. |
| Do 8/3 | 09:00 - 12:00 | **Naaldwerkgroep:** Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy saam wil kom werk aan al die projekte wat hulle aanpak. |
| So 11/3 | 09:30<br>09:30<br>18:00 | **Erediens**: Monty Sahd<br>Kleuterkerk en junior kategese<br>Tienerbediening |

**Die deurkollekte vandag gaan aan Huis Horison:** Huis Horison is 'n tehuis in Stellenbosch waar mense met primêr intellektuele gestremdheid lewenslank gehuisves en versorg word. Die tehuis is grootliks afhanklik van die steun van die gemeenskap. Van ons lidmate het kinders in Huis Horison, maar heelwat inwoners het nie ouers of ander familie nie. Kom sluit aan by die *Kring van Vriende van Huis Horison* en help met projekte soos houtwerk, brei, naaldwerk, hekel, kaartjiesmaak, kralewerk en storieslees. Huis Horison se nommer is 021 887 5080.

Ons deurkollektes vir die Sondae in Maart is vir Huis Horison, Jan Kriel Instituut, Paarlskool en Instituut vir Blindes.

Die deurkollekte verlede week vir Stellenbosch Jeuguitreik was R2 329-00. Baie, baie dankie!
**Volgende week se deurkollekte gaan aan Jan Kriel Instituut.**

**Betaal met Snapscan!**
Laai dit af op jou slimfoon by **http://www.snapscan.co.za/user.html**. Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul.

**Bankbesonderhede**
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

**NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen**
Telefoon: 021 886 5975
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)

Vrees het aan die deur geklop. Geloof het gaan oopmaak. Niemand was daar nie. - *Herbert V Prochnow*

**Pastorale versorging (spreekkamer vir lidmate)** Mense wat 'n behoefte het aan pastorale gesprekke kan Daniël Louw per e-pos kontak (djl@sun.ac.za) om 'n afspraak te reël. Daniël is 'n afgetrede professor in praktiese teologie / pastorale sorg en spirituele berading (huwelik, gesinsorg, lewensverryking en siekepastoraat).



**Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die opligdeksel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word.**

HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by www.stelwel.co.za.
Kopieë is ook by die deure beskikbaar.

## Kan jy dalk help hiermee?

### Stellemploy

Daar is groot armoede onder die sjef-studente wat die jaarprogram volg. In die gekeurde groep is daar 'n leerder wat in 'n weeshuis groot geword het en geen direkte familie het wat hom ondersteun nie. Nog 'n student is ook 'n weeskind wat deur haar tantes grootgemaak is. Sy woon tans by een van haar mede-studente om die kursus te voltooi. So is daar nog heelwat soortgelyke stories. Indien jy graag 'n skenking wil maak om hierdie studente by te staan, kontak ons verteenwoordiger, Betta Augustyn by betta@stellemploy.org / 021 886 6993.

## Geloofsgroei: eerste semester

Hierdie jaar begin ons weer met 'n **sewe-weke-saamstap** deur die Here se Woord. Hierdie jaar spesifiek oor die Bybel. Tydens die sewe weke gaan ons kyk na die Bybel as Spieël, Stem, Balsem, Wet, Bril en Lamp, Swaard asook Anker.

Ons geloofsgroei gaan begin met 'n inleidende saamgesels en ontdekking van die ontstaan van die Bybel. Daarna volg ons die sewe weke se metafore soos dit ook weekliks in die eredienste uitgepak sal word. Hierna kyk ons na hoe ons die Bybel leef elke dag. Hoe ons die Bybel lees en dan leef binne God se groot verhaal, help ons om die konteks van die Bybel te verstaan en die Bybel verantwoordelik te gebruik in ons lewens elke dag. Daar is weer twee geleenthede elke Woensdag om 09:00 en 19:00 by die kerk in die konsistorie. Aanbieder: Leon Cronje

## Skenkings vir Voedingsaksie gevra

Die nood in en rondom Stellenbosch is groot. Voedingsaksie vra asb vir brode, smere & konfyt, samp & bone, rys, lensies, pasta, blikkies vis, tamatie & uie, soutvleis, bone en soja vir die veelvuldige ondersteuning aan skole, kindervoedingspunte, créches, nasorgprogramme en sportuitreike. Daar word ook beplan om meer muffins te bak vir die kospakkies. Dus sal koekmeel, semels, eiers en melk baie help. As jy direk met Voedingsaksie se bestuurder wil skakel, kontak Liesel Koen (021 886 8986 / voedingsaksie@telkomsa.net).



Ons Barmhartigheidstema vir Maart is **mense met gestremdhede en spesiale behoeftes.**



Ons gemeente samel elke maand iets in wat by die tema pas. Maart samel ons <u>toiletware, grootmensdoeke, beddegoed en handdoeke</u> in. Bydraes kan in die mandjies by die deure geplaas word, of bring dit asb kerkkantoor toe. Baie dankie!